

Geweld, die Ou Testament en 'n nuwe Suid-Afrika¹

S D Snyman

Abstract

Violence, the Old Testament and a new South Africa

In the light of the current violence in South Africa the question posed in this paper is the question on how the appearance of violence in the Old Testament should be evaluated from a theological point of view. After a brief survey of the present state of research on this theme, a theological insight into the problem of violence in the Old Testament is proposed. Finally, the relevance of this theme for a new South Africa is pointed out.

1 Inleidend

1.1 Die voorkoms en omvang van geweld in Suid-Afrika

Die voorkoms van geweld in Suid-Afrika het so in omvang toegeneem dat dit haas onmoontlik geword het om 'n totaalbeeld van die geweld wat ons land tans teister te vorm. Insidente van geweld het 'n daaglikse item geword in die nuusmedia: Op 'n daaglikse basis verneem ons van geweld in Natal, die taxi-oorlog in die Kaap en voorvalle van geweld op treine aan die Witwatersrand. Aan die begin van die jaar was bomontploffings by skole en poskantore prominente nuusgebeure. By verskillende politieke groeperinge aan sowel die linker- as regterkant van die politieke spektrum word daar nog steeds gedreig met die opsie van geweld. Geweld in verskillende swart woonbuurte breek nog sporadies uit. Die onlangse geweld in Alexandra en Pholapark is resente voorbeelde hiervan. Al dié gebeure vind plaas ten spyte van 'n vredesverdrag wat die belangrikste politieke akteurs in Suid-Afrika onderteken het.

Om die toneel in Suid-Afrika enigsins in perspektief te plaas, kan die volgende syfers verhelderend wees: In die vyf jaar vanaf 1986-1991 is ± 10 000 mense in politieke geweld in Suid-Afrika gedood. In Noord-Ierland is daar in die twintig jaar vanaf 1969-1988 2724 mense gedood in die geweld wat daar beleef is². Voeg hierby dat die geskiedenis toon dat ons in Suid-Afrika nie eintlik 'n tradisie van toleransie het nie - die verskillende grensoorloë, oorloë tussen verskillende swart volke gedurende die agtiende en negentiende eeu, die Rebelle, die binnelandse onstuimigheid gedurende die Tweede Wêreldoorlog, die gebruik om politieke vergaderings op te breek, is genoeg bewys hiervan. Al die gebeure was mede-oorsaak daarvan dat daar in Suid-Afrika oor die jare 'n patroon of kultuur van geweld ontstaan het. Verskille en geskille is met geweld besleg. Die huidige geweld kan dus nie net verklaar word as simptome van 'n gemeenskap in 'n tyd van drastiese veranderinge nie.

Ook vir die kerk is die tema van geweld van buitengewone belang. Dit is immers die lidmate van die kerk wat die slagoffers van geweld is. Villa-Vicencio³ se standpunt is dat die vraagstuk van geweld beskou kan word as die belangrikste debat wat daar nou gevoer word in godsdienstige kringe in Suid-Afrika.

1.2 Wat is geweld?

Voordat die tema verder behandel kan word, moet die begrip geweld eers helderder omlyn word. Wat is geweld? Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) omskryf geweld as "krag wat met hewigheid, onstuimigheid uitgeoefen word. Toepassing van die reg van die sterkste; misbruik van mag".

In die teologiese etiek definieer Heyns⁴ geweld soos volg: Geweld is, dikwels vanuit 'n posisie van gesag, die misbruik van mag en wel op so 'n wyse dat die mens in die totaliteit van sy bestaan so geraak word dat sy liggaam geskend en sy gees gekrenk word, terwyl sy regte so aangetas word dat hy sy verpligtinge as mens nie kan nakom nie.

Die mees algemene woord wat vir geweld in die Ou Testament gebruik word is die woord **חָמָס**. Raadpleeg 'n mens teologiese woordeboeke vir 'n omskrywing van geweld (**חָמָס**) as term binne die Ou Testament is daar ook nie 'n eenduidige definisie wat gegee word nie. Vir Stoebe⁵ kom die woord **חָמָס** uit die sfeer van die reg. Dit gaan om die regsgemeenskap se uitroep om regsbeskerming. Die woord **חָמָס** kan ook verwys na bloedvergieting en ook sedelike oortredings wat in beide gevalle die land verontreinig en in gevolge die wet met die dood gestraf kan word. **חָמָס** kan ook die pligsversuim teenoor die naaste aandui wat 'n inperkings van sy lewensreg en -ruimte insluit, dit wat as die teenoorgestelde van reg en geregtigheid beskryf kan word. **חָמָס** word ook gebruik as omvattende begrip vir sonde. Volgens Haag⁶ verwys die begrip na die oortredings teen die magteloses, hulle tot wie se nadeel die godsdienstige wet misbruik word. Die sosio-etiese aspek van die **חָמָס** is bepalend vir die betekenis van die begrip. Dit kan ook verwys na die arbitrêre en outokratiese toe-eiening van dit wat aan God of aan die naaste behoort. Met die begrip **חָמָס** word ook die brutale uitbuiting van vreemdelinge, weduwees en wese aangedui, wat ook die fisiese aanranding van 'n vrou kan insluit. Volgens Haag is die primêre konteks van geweld die gemeenskap waar geweld teen die ander een gepleeg word. Valse beskuldigings en onregverdige oordele geld ook as instrumente van geweld.

Uit die verskeidenheid van omskrywings wat in teologiese woordeboeke vir die begrip geweld gegee word, is dit tog duidelik dat dit primêr te doen het met menseverhoudinge binne 'n gemeenskap waarin daar onregmatig teenoor mense in daardie gemeenskap opgetree word. Dit is egter ook duidelik dat die begrip geweld in die Ou Testament nie 'n eng begrip is nie, maar dat dit 'n wye betekenisveld dek.

2 Geweld en die Ou Testament

2.1 Die Ou Testament is 'n boek vol geweld

Selfs 'n kursoriese en oppervlakkige lees van die Ou Testament bring aan die lig dat die Ou Testament 'n boek is waarvan die bladsye drup van bloed wat vloei as gevolg van geweld. So vroeg as Genesis 4 word die leser van die Ou Testament al gekonfronteer met die verhaal van Kain en Abel. Die aanvang van die geskiedenis van die mensheid begin met 'n daad van geweld waar 'n moord gepleeg word. Erger nog, waar 'n broer sy broer om die lewe bring. Uit Kain se nageslag word Lameg gebore en Lameg is bekend vir sy woorde in Genesis 4:23-24:

"Ek maak 'n man dood as hy my wond, 'n seun as hy my seermaak. Kain sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe en sewentig maal!"

In Genesis 6:11 en 13 word die sonde van die hele mensheid opgesom met die begrip "geweld" en word die geweld van die mense die aanleidende oorsaak vir die sondvloed. Teologies is dit van belang dat die sonde van mense wat uiteindelik met die sondvloed gestraf word met die begrip geweld aangedui word. Elke sonde teen die medemens neig met ander woorde na geweld⁷. Die verhaal van die Eksodus - die groot heilsdaad van God in die geskiedenis van Israel - begin met 'n insident waar Moses 'n Egiptenaar om die lewe bring. Die intog in die land Kanaän geskied op 'n gewelddadige wyse⁸. In Psalm 137:9 staan daar: "Gelukkig is hy wat jou babatjies gryp en teen 'n klip verbrysel". So sou hierdie lys uitgebrei en aangevul kon word om al die oorloë, moord, bloedvergieting en wraakuitsprake wat in die Ou Testament gevind kan word, in te sluit.

Schwager⁹ het tot die ontstellende gevolgtrekking gekom dat die Ou Testament meer as 600 gevalle bevat waar daar uitdruklik sprake daarvan is dat mense (volke, konings of individue) mekaar geweld aandoen en dood, dat daar ongeveer 'n 1000 gevalle is waar Jahwe se toorn ontbrand en Hy met dood en ondergang straf en 'n verdere 100 gevalle waar Hy uitdruklik bevel gee dat mense gedood moet word. Dit alles maak die Ou Testament volgens 'n geleerde¹⁰ een van die bloedigste boeke in die wêreldliteratuur. Volgens Lohfink¹¹ is daar geen ander antropologiese tema wat die Ou Testament so vul as juis die tema van geweld nie. Schwager¹² maak die opmerking: "Keine andere menschliche Tätigkeit oder Erfahrung wird so oft erwähnt, weder die Welt der Arbeit und Wirtschaft, noch die der Familie und Sexualität oder der Naturerfahrung und des Wissens. Für die biblischen Autoren scheint die eindrucksvollste und bedrängendste Erfahrung gewesen zu sein, dass Menschen einander bekriegen und töten". Dit is dan nie vreemd dat Schwager konkludeer dat geweld die sentraalste tema van die Ou Testament is nie¹³.

Die vraag wat hom dus al hoe meer opding is dié, naamlik hoe die voorkoms van geweld in die Ou Testament teologies hanteer moet word? Anders geformuleer: bied die Ou Testament aan ons 'n beeld van 'n gewelddadige God?

2.2 Geweld as tema in die Ou Testamentiese wetenskap

Wanneer die geskiedenis van die navorsing oor die tema van geweld in die Ou Testament nagegaan word kom dit aan die lig dat die probleem wat oënskyklik so prominent in die Ou Testament aan die orde is, nie die aandag van navorsers gekry het wat 'n mens sou verwag nie. In die belangrikste boeke oor die teologie van die Ou Testament ontbreek 'n voldoende behandeling van die probleem¹⁴ en in werke wat handel oor die etiek van die Ou Testament word daar ook nie op 'n uitvoerige wyse aandag aan die probleem gegee nie.

Navorsing oor die probleem van geweld in die Ou Testament word so onlangs as die laat sewentiger jare veral in Duitsland gedoen. Enkele monografië, versamelbundels en navorsingsartikels verteenwoordig die neerslag van dié navorsing¹⁵.

In Suid-Afrika het die probleem ook nie die intensiewe aandag van wetenskaplike navorsing geniet nie en is dit ook beperk tot enkele tydskrifartikels¹⁶,

versamelbundels¹⁷ en meer populêre werke¹⁸. 'n Kenmerk van die bydraes wat in versamelbundels opgeneem is, is dat dit oorwegend handel oor geweld as teologiese probleem in die algemeen en dat die probleem vanuit Ou-Testamentiese perspektief min of haas geen aandag kry nie. Geen proefskrif wat die vraagstuk van geweld in die Ou Testament in behandeling neem kon opgespoor word nie¹⁹. 'n Verdere interessante waarneming is dat dit oorwegend Engelse en swart teoloë is wat hulle aandag tot dusver aan die probleem van geweld gegee het.

Schwager²⁰ maak die opmerking dat die vraag na menslike en goddelike geweld in die Ou Testament nog veel nader en indringend nagevors moet word en Lohfink²¹ maak 'n soortgelyke gevolgtrekking: "Nirgends taucht die Gewalt als grundsätzliche und alles zusammenhängend durchdringende Frage auf".

Die indruk wat verkry word uit die literatuur oor die probleem van geweld in die Ou Testament is dat navorsers tot dusver meer gekonsentreer het op 'n omlyning en beskrywing van die probleem en minder op 'n teologiese hantering van geweld in die Ou Testament. Meer aandag word ook gegee aan gebeure soos oorloë in die Ou Testament en minder aandag word gegee aan byvoorbeeld profetiese en wysheidsuitsprake oor geweld. Dit is ook nie 'n oordrywing om te beweer dat die voorkoms van geweld in die Ou Testament vir baie Ou Testamentici en vir gelowiges in die algemeen 'n verleentheid is nie.

2.3 'n Teologiese blik op geweld in die Ou Testament

Soekend, tastend - en daarom ook voorlopig - en ook bewus van die problematiek daaraan verbonde om samevattende uitsprake oor so 'n omvattende tema in 'n boek met so 'n ryke verskeidenheid soos die Ou Testament te maak, moet daar ook gewerk word in die rigting van 'n sintese oor die uitsprake in die Ou Testament oor geweld - al geld die uitsprake dan net om 'n aanvanklike raamwerk te bied totdat verdere navorsing ons tot ander insigte bring.

2.3.1 Die Ou Testament ontmasker geweld

Die Ou Testament is nie 'n boek wat werklikheidsvreemd is nie. Die bekoring en aantrekkingskrag van die Ou Testament lê juis in sy konkreetheid en aardsheid. Wat in die Ou Testament verhaal word, is verteenwoordigend van die hele mensheid: alle volke en alle tye en alle gemeenskappe²². Die weersin waarmee die verskillende berigte oor al die verskriklike dade van geweld gelees word, funksioneer as 'n spieël waarmee dieselfde aakligheid en afgryse van geweld in ons gemeenskap en leefwêreld aan ons geopenbaar word. Geweld word in die Ou Testament ontmasker vir wat dit in werklikheid is. Die voorkoms van geweld in die Ou Testament kan dus nie weggedeneer of verswyg word nie. Daar moet eerder gevra word na die teologiese funksie van geweld in die Ou Testament. Die Ou Testament konfronteer die hedendaagse mens met die wrede werklikheid van geweld, ook in die gemeenskap waarin hy hom nou bevind²³. Die Ou Testament funksioneer dus in hierdie sin as 'n spieël waarin geweld as't ware ge-eien word juis omdat geweld so openlik en bewus aan die orde gestel word.

In die profetiese literatuur word 'n breër definisie aan geweld gegee as bloot die beskrywing van gevalle van fisiese geweld soos in oorlog en moord wat in veral die verhalende gedeeltes van die Ou Testament aangetref word. Enkele

voorbeelde uit die profetiese literatuur verduidelik die verskynsel.

In Amos 3:9-10 word 'n oordeelsaankondiging oor Israel uitgespreek waarin die rede vir die straf wat in vers 11 volg, gegee word. Die rede vir die straf is dat Israel "geweld en verwoesting in hulle mooi huise herberg" en nie weet "hoe om reg te doen nie" (vers 10). Rykdom en besittings wat opgestapel is in luukse huise (paleise) word met behulp van 'n treffende beeld gelyk gestel met geweld. Besittings en rykdom wat op 'n wyse bekom is waardeur die normale en algemeen geldende patroon van optrede van mense onder mekaar verontagsaam is, 'n patroon van optrede wat selfs onder heidense nasies gevind is (vgl vers 10 **וְהָיָה** as wysheidsterm), word aangedui en veroordeel as geweld (**וְהָיָה**). Wat dus in hierdie teks ontmasker word as geweld is meer as fisiese geweld teen iemand anders, dit gaan oor 'n optrede van mense teenoor mense wat as onregmatig bestempel kan word en dit word aangedui met die term geweld.

In die boek Obadja word Edom se optrede teenoor Juda beskryf met die woorde "moord en geweld" (vers 10). Waarin die gewelddadige optrede van Edom teenoor Juda bestaan, word in verse 11-14 verduidelik en kan onder twee gesigspunte opgesom word. Enersyds word Edom se onbetrokkenheid by die nood van Juda in die ballingskap beskryf as geweld en andersyds word Edom se uitbuit van 'n situasie van verleentheid vir Juda tot voordeel van Edom ook beskryf as geweld wat teenoor Juda gepleeg is²⁴. Geweld word dus ontmasker as onbetrokkenheid asook die uitbuit van 'n situasie tot voordeel van jousef.

In die boek Maleagi word die term geweld (**וְהָיָה**) gebruik in die konteks van egskeiding (Mal 2:16). In die 1983-Afrikaanse Bybelvertaling word die teks ook as: "Egskeiding is niks anders as geweld nie, sê die Here, die Almagtige" weergegee. Egskeiding word dus met geweld gelykgestel²⁵. Weer eens word die term **וְהָיָה** gebruik om verhoudinge tussen mense aan te dui waarin nie net fisiese geweld ontmasker word nie, maar wat ook optrede en handeling van mense teenoor mekaar ontmasker as geweld. Dieselfde tendens word ook in ander boeke van die profetiese literatuur aangetref, so byvoorbeeld in Hosea, Miga, Esegïel en Tritojesaja²⁶.

2.3.2 Die Ou Testament verheerlik nie geweld nie

Die herhaaldelike en selfs weersinwekkende voorkoms van geweld in die Ou Testament mag ons nie verlei om te dink dat die Ou Testament geweld verheerlik of reserweloos sanksioneer nie. Terwyl dit ongetwyfeld so is dat die Ou Testament baie geweld bevat en dat in gedagte gehou moet word dat die Ou Testament deel is van 'n wêreld van geweld, is daar belangrike aanduidings in die Ou Testament dat geweld nie verheerlik word nie, maar eerder maatreëls bevat wat geweld minstens aan bande wil lê en beperk.

2.3.2.1 Die offerpraktyk in die Ou Testament

Offerrituele in antieke gemeenskappe was 'n meganisme om geweld in 'n gemeenskap te beperk²⁷ en so 'n uitweg te bied uit die kringloop van geweld. Die geweld en aggressie van 'n gemeenskap word kollektief oorgedra na 'n toevallige offer wat 'n mens of dier kon wees en waardeur geweld - voorlopig altans - beëindig is²⁸. Die beperking van geweld geskied dus deur 'n ander soort geweld - die offer. Geweld

word ook nie oorwin deur die offer nie, dit word hoogstens in toom gehou.

Hierdie verband tussen geweld en offer word ook in die Ou Testament gevind. In Levitikus 16:20 e v lees ons hoedat Aäron sy hande op die kop van 'n bok moes lê waardeur "al die sonde van die Israeliete" op die kop van die bok oorgedra is en dat die bok dan die woestyn ingejaag moes word. So dra die bok die sonde van die Israeliete weg van hulle af en word die bok as't ware "geoffer" vir hulle sonde.

Die profetiese literatuur is egter vol kritiek op die offerpraktyke van Israel. Offers word dikwels teenoor die doen van geregtigheid en kennis van God en liefde geplaas (Amos 5:22; Hos 6:6; Jes 1:11-15; Jer 7:21). Kennis van God kom nie van die kultus nie, maar eerder vanuit 'n historiese ervaring van die heil wat God bewerk, met name in die verlossing uit Egipte. Die profete het besef dat offerpraktyke tot die wêreld van geweld behoort en daarom is hulle krities teenoor die kultusgebruike en hulle stel offers teenoor die doen van geregtigheid en liefde²⁹.

2.3.2.2 Die toräh van Jahwe

Die verskillende wetsversamelings in die Ou Testament bevat riglyne waardeur geweld in 'n gemeenskap beperk word. In wat seker beskryf kan word as die hart van God se wilsopenbaring aan sy volk, naamlik die dekalooë, word doodslag uitdruklik in die sesde gebod verbied: "Jy mag nie moord pleeg nie". In Levitikus 19:18 en 34 word bepaal dat Israel sy naaste en die vreemdeling moet liefhê.

Die regstelsel van Israel het ook maatreëls gehad wat die onbeheerste voortwoeking van geweld aan bande gelê het. Die bedoeling met die reg was om die neiging tot geweld te keer sodat dit nie op onbeheerste wyse toeneem nie. Wanneer 'n moord gepleeg is, het die wetsbepalings byvoorbeeld vereis dat net een lewe geneem word vir die een lewe wat deur die moord geneem is. Die benadeelde party moes nie alleen tot 'n vergelyk kom nie, regsmaatreëls was ook daarop gerig om die vrede tussen partye te herstel³⁰.

2.3.2.3 Die "Heilige Oorlog"

Nog 'n terrein waar die verskynsel van geweld gerelativeer word in die Ou Testament, is dié van die sogenaamde Heilige Oorlog³¹. Interessant genoeg kom die uitdrukking "Heilige Oorlog" nie in die Ou Testament voor nie en moet die term "Jahwe Oorlog" eerder gebruik word³². Alle klem val hier op die stryd wat Jahwe stry ten behoeve van sy volk en hulle redding. Die stryd behoort aan Jahwe en dit is ook Hy wat uiteindelik die oorwinning behaal en nie die volk nie. Uittoggebeure maak dit ook duidelik dat Israel moet stil wees. Jahwe verheerlik Homself in die gebeure en is nie afhanklik van enige menselike samewerking nie³³. Die politieke en militêre vermoë van Israel is nie ter sake nie. Daar kan dus nie sprake wees van 'n besondere hoogskatting of waardering van oorlog in die Ou Testament nie³⁴.

2.3.3 Die Ou Testament wys na die oorwinning van geweld

2.3.3.1 Daar is in die Ou Testament 'n verwagting na vrede

Daar word in die Ou Testament nie herus by geweld nie. Daar is eerder 'n uitsig op en 'n uitsien na 'n era waar daar nie meer geweld gaan wees nie. Daar is 'n

verwagting in die Ou Testament dat die heerskappy van God hom so gaan vestig dat geweld nie meer nodig gaan wees nie.

Midde-in die realiteit van oorlog wat deel van 'n lewenspatroon en kultuur is, laat klink die Ou Testament die verwagting na vrede. Jesaja 2:1-5 en Miga 4:2-4 voorsien 'n tyd waar daar van swaarde ploegskare gemaak gaan word, waar van spiese snoeiskêre gemaak sal word. Hierdie verwagting na vrede hou meer in as die oorwinning van Jahwe oor sy vyande - dit is 'n veel meer omvattende vrede. Dit sluit vrede met alle volke in (Jes 2:4) en vrede met die natuur is ook nie uitgesluit nie.

2.3.3.2 Vrede deur versoening³⁵

Versoening is een manier waarop konflik op 'n wyse vry van geweld opgelos kan word. Versoening is 'n middel tot die vermyding van geweld. Versoening beteken om as benadeelde party af te sien van vergelding deur die benadelende party nie in gelyke munt terug te betaal nie, maar om tot 'n vergelyk te kom met die benadelende party wat gerig is daarop om te herstel wat verloor is. Dit gaan in versoening nie net om die skuldige wat moet boet nie, maar om die vrede wat herstel moet word. Versoening tussen mense is egter alleen moontlik op grond van 'n ervaring van versoening met God.

2.3.3.3 Vrede deur die Kneg van die Here

Die Kneg van die Here-liedere in Deuterokesaja (42:1-9; 49:1-6; 50:4-9; 52:13-53:12) bied ook 'n uitsig op die uiteindelijke oorwinning oor geweld. Die kneg handel op inisiatief van Jahwe. Sy opdrag het gevolge vir alle volke omdat hy die wil van die Here aan hulle moet bekend maak (Jes 42:1,3). Die kneg lewer getuienis van God se verlossende liefde en van 'n nuwe heilsgemeenskap. Deur die liefde en op grond van die heilsinisiatief van Jahwe word geweld oorwin³⁶.

Die kneg het ook die taak om die reg te herstel, want waar onreg heers is daar ook geweld. Waar die reg herstel is onder die heerskappy van God, is geweld nie meer nodig nie. Die kneg breek ook die spiraal van eskalerende geweld deur nie met geweld teen sy teenstaanders op te tree nie³⁷. Die kneg oorwin geweld deur plaasvervangend op te tree. Die dade van die geweldenaars word oorgedra op die kneg en hy dra hulle sonde plaasvervangend³⁸.

2.3.3.4 Vrede deur geregtigheid

Vrede is ook net 'n moontlikheid deur die doen van geregtigheid³⁹. Eers wanneer die regspraak herstel is, wanneer armes billik verhoor word, wanneer goddeloses in die land geoordeel sal word, wanneer daar regverdig en betroubaar regeer word, is daar die moontlikheid dat die wolwe en skape saam sal bly (Jes 11:1-8).

Dit is nie oordrewe om te beweer dat geweldloosheid 'n wesenlike kenmerk van die volk van God is nie⁴⁰, al is die geweldvrye gemeenskap van God waarby mense hulle aansluit iets wat vrywillig deur die geloof gebeur en waar dit gebeur dra dit telkens die karakter van 'n wonder⁴¹.

Die Ou Testament bied nie aan ons 'n beeld van 'n gewelddadige God soos wat soms beweer word nie⁴². In sy bekendmaking sluit God Hom aan by die

geldende kultuurpatroon van die tyd, maar tegelykertyd bied die Ou Testament ook oorvloedig getuienis dat God die geweld in 'n gemeenskap telkens transendeer en 'n uitsig bied op 'n geweldvrye era.

3 Die relevansie van die tema vir 'n nuwe Suid-Afrika

Die relevansie van die tema uit die Ou Testament vir 'n beoogde nuwe Suid-Afrika is vanselfsprekend.

Geweld is deel van enige gemeenskap. Dit is ook so dat geweld in 'n gemeenskap dikwels ook net binne perke gehou word deur teengeweld. In 'n gemeenskap soos dié van Suid-Afrika waar geweld 'n daaglikse item op die nuusprogramme van die media geword het, moet die Ou Testament geweld aan ons bly ontmasker. Die grusame geweld in die Ou Testament, wat by ons selfs weersin wek, moet keer dat ons afgestomp en onsensitief raak vir die geweld in ons gemeenskap en omgewing. Is die geweld in ons gemeenskap enigins minder grusaam as dié waarvan daar in die Ou Testament van vertel word? Ons moet die breër definisie van geweld wat in die Ou Testament aangetref word om nie net fisiese geweld nie, maar ook ekonomiese uitbuiting en onbetrokkenheid in te sluit ook inbou in ons definisie van geweld. Geweld is meer as fisiese geweld.

In 'n gemeenskap waar geweld alreeds 'n patroon geword het en geweld aan sowel die linker- as die regterkant van die politieke spektrum steeds 'n opsie is, sal ons die insig wat die Ou Testament ons bied dat geweld nie verheerlik mag word nie ook ernstig moet opneem. Dit is duidelik dat die Ou Testament nie gebruik kan word om geweld in 'n gemeenskap te legitimeer nie.

Op pad na en by die vestiging van 'n nuwe Suid-Afrika sal die stem van die Ou Testament oor vrede gehoor moet word. Vrede is die een manier waarop geweld oorwin kan word, want vrede maak geweld oorbodig. Die Ou Testament verkondig egter nie 'n goedkoop vrede nie, maar 'n vrede wat kom deur versoening en geregtigheid. Om as versoende gemeenskap in 'n nuwe Suid-Afrika te leef, sal daar by lydende partye geen sweem van vergelding mag wees nie en by skuldige partye die bereidheid om tot 'n vergelyk te kom en skade wat veroorsaak is minstens gedeeltelik te vergoed. Gelowiges in Suid-Afrika sal ook weer moet gaan leer wat dit beteken om priester in die wêreld te wees deur 'n versoenende rol tussen strydende groepe te speel.

Korporatief as liggaam van Christus en individueel as lidmate van die kerk van Jesus Christus sal ernstig besin moet word oor die kneg van die Here-gedeeltes in die Ou Testament. Die kerk sal weer opnuut moet ontdek wat dit beteken om in tye soos hierdie kneg van die Here te wees deur getuies te wees van God se liefde, deur te ywer vir die herstel van die reg waar daar onreg is, deur eskalerende geweld te beëindig deur nie met teengeweld te reageer nie, deur geweld te oorwin deur plaasvervangend die skuld (ook vir geweld) van ander op te neem.

Met die paar opmerkings word daar nie voorgegee asof die teologie in die algemeen en die Ou Testament in die besonder oor die aller antwoord beskik vir die kompleksiteit van 'n tema soos geweld of 'n toekomstige bedeling in Suid-Afrika nie. Daar word maar net bedoel dat daar vanuit die teologie ook 'n bydra tot die debat gemaak kan word. Juis die tema van geweld leen hom tot 'n interdisiplinêre studie binne die teologie. Geweld is egter ook 'n tema wat in samewerking met dissiplines buite die teologie bestudeer kan word. Dissiplines soos die sielkunde,

sosiologie, kriminologie, politieke wetenskap, wysbegeerte, etiek en maatskaplike werk is hier ter sake om 'n meer omvattende perspektief op die verskynsel van geweld te bied. Die teologie en die Ou Testament in die besonder is gespreksvennoot saam met ander dissiplines in die debat oor die brandende vraagstukke van ons dag en op weg na 'n nuwe Suid-Afrika.

NOTAS:

- 1 'n Verwerkte weergawe van 'n professorale intreerede gehou aan die UOVS op 6 Mei 1992.
- 2 Die syfers is verkry van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die UOVS.
- 3 C Villa-Vicencio, *Theology and violence, The South African debate*, Johannesburg 1987, 5.
- 4 J A Heyns, *Teologiese Etiek 2/2*, Pretoria 1988, 192.
- 5 H J Stoebe, s v hamas, *THAT* 1971.
- 6 H Haag, Chamas, TDOT 1980.
- 7 R Schwager, *Brauchen wir einen Sündenbock? Gewalt und Erlösung in den biblischen Schriften*, München 1980, 59.
- 8 K Nürnberger, J Tooke & W Domeris, *Conflict and the quest for peace*, Pietermaritzburg 1989, 69.
- 9 Schwager, *a w*, 58, 65, 70.
- 10 N Lohfink & R Pesch, *Weltgestaltung und Gewaltlosigkeit*, Düsseldorf 1978, 13.
- 11 N Lohfink (Hrsg), *Gewalt und Gewaltlosigkeit im Alten Testament*, Freiburg 1983, 15.
- 12 Schwager, *a w*, 58.
- 13 Schwager, *a w*, 76.
- 14 Lohfink, *a w*, 1983, 17 en M Vervenne, "Smeed uw ploegscharen om tot zwaarden!" (Joel 4,10), Verkenningen rond geweld en oorlog in het Oude Testament, R Burggraeve, & J De Tavenier, (eds), *Strijden op de weg van Jahwe, God, Allah!? De 'Heilige Oorlog' in het Oude Testament, Westers Christendom en Islam*. Leuven, Acco 1989, 38-39.
- 15 J Ebach, *Das Erbe der Gewalt, Eine biblische Realität und ihre Wirkungsgeschichte*, Gütersloh 1980; Lohfink & Pesch, *a w*; N Lohfink, "The Unmasking of violence in Israel", *Theology Digest* 27, (1979), 103-106. N Lohfink, "Das Alte Testament: Aufdeckung und Krise der Gewalt" *Bibel und*

- Kirche* 2/2 (1982), 38-44. N Lohfink (Hrsg), *a w*, 1983. N Lohfink, *Unsere grossen Wörter, Das Alte Testament zu Themen dieser Jahre*, Freiburg 1985. N Lohfink, "Der gewalttätige Gott des Alten Testaments und die Suche nach einer gewaltfreien Gesellschaft", *Jahrbuch für Biblische Theologie* 2, (1987), 106-136. R North, "Violence and the Bible", *The Catholic Biblical Quarterly* 47 (1985), 1-27. A Schenker, *Versöhnung und Sühne, Wege gewaltfreier Konfliktlösung im Alten Testament mit einem Blick auf das Neue Testament*, Freiburg 1981. A Schenker, "Wege gewaltfreier Konfliktlösung im Alten Testament", *Bibel und Kirche* 2/2 (1982), 44-50. Schwager, *a w*, 1978. Vergelyk ook S D Snyman, "Geweld - 'n onopgeloste teologiese probleem vir die Ou Testament", *NGTT* 31/3 (1990), 320-323 vir 'n kort oorsig oor die navorsing op die gebied.
- 16 F E Deist, "Jesaja und Joel: Gerechtigkeit und Frieden aus südafrikanischer Sicht", *Old Testament Essays* 4, (1986), 79-94. W R Domeris, "Biblical perspectives on the use of force", *Journal of Theology for Southern Africa* 62 (1988), 68-72. G H Wittenberg, "Amos 6:1-7", *Journal of Theology for Southern Africa* 58 (1987), 57-69.
- 17 B J van der Walt (red), *Venster op mag en geweld. Christelike perspektiewe*, Potchefstroom 1990. Nürnberger e a, *a w*; C Villa-Vicencio (red), *a w*; W S Vorster (red), *Views on violence*, Pretoria 1985.
- 18 F E Deist, *Verandering sonder geweld?*, Kaapstad 1983.
- 19 Vergelyk egter I Swart, *Die Nomen hamas in die Ou Testament*. M.A.-verhandelung, Universiteit van Stellenbosch 1988.
- 20 Schwager, *a w*, 80-81.
- 21 Lohfink, *a w*, 1983, 25.
- 22 Lohfink, *a w*, 1978, 49; Lohfink, *a w*, 1987, 127.
- 23 Vervenne, *a w*, 58.
- 24 S D Snyman, "Obadja (on-)preekbaar?" *NGTT* 29(3) (1988), 222.
- 25 S D Snyman, *Antiteses in die boek Maleagi*, D.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria 1985, 135.
- 26 Schwager, *a w*, 58-63.
- 27 R Girard, *Violence and the sacred*, Baltimore 1977 en E Villar, "Does the Bible portray a violent God?", *Theology Digest* 30/3 (1982), 205.
- 28 Schwager, *a w*, 91 en Lohfink, *a w*, 1978, 46.
- 29 Schwager, *a w*, 93, 98.
- 30 Schwager, *a w*, 45-46.

- 31 Tyd en ruimte ontbreek om volledig op die navorsingsgeskiedenis van die verskynsel in te gaan. Vergelyk veral G Von Rad, *Holy War in ancient Israel*, Grand Rapids 1991; H Greifstein (Hrsg), *Macht und Gewalt*, Leitlinien lutherischer Theologie zur politische Ethik heute, Hamburg 1978, 125; Ebach, *a w*, 22-30.
- 32 Ebach, *a w*, 24; H D Preuss, "Alttestamentliche Aspekte zu Macht und Gewalt", H Greifstein (Hrsg), *a w*, 114-134.
- 33 G von Rad, *Old Testament Theology*. Vol I, London 1975, 177.
- 34 Ebach, *a w*, 25.
- 35 Schenker, *a w*, 1981; Schenker, *a w*, 1982.
- 36 E Haag, "Die Botschaft von Gottesknecht - ein Weg zur Überwindung der Gewalt", in N Lohfink (Hrsg), *Gewalt und Gewaltlosigkeit im Alten Testament*, Freiburg 1983, 211; Lohfink, *a w*, 1978, 60.
- 37 Schwager, *a w*, 136; Haag, *a w*, 1983, 201-204.
- 38 Schwager, *a w*, 138-139.
- 39 Deist, *a w*, 1986, 82.
- 40 Lohfink, *a w*, 1987, 119; Vervenne, *a w*, 60.
- 41 Lohfink, *a w*, 1987, 122; Vervenne, *a w*, 61.
- 42 Schwager, *a w*, 58-81.